Laerskool Bakenkop

Underbergstraat 5, Wierdapark, Centurion

Posbus 51928, Wierdapark, 0149

Tel nr 012 653 4187 faks 012 653 4129

Epos: admin@laerskoolbakenkop.co.za

GEDRAGSKODE VAN LEERDERS

Leerder visie:

Ons hanteer elke situasie so goed as wat ons kan.

Leerderkode:

As ’n trotse leerling van Laerskool Bakenkop onderneem ek om:

‘n Christelike lewensbeskouing te handhaaf en God en sy Woord te eerbiedig.

My skool getrou te dien en sy goeie naam te alle tye, met woord en daad in ere te hou.

Hulpvaardigheid na te streef en te probeer om my medemens met liefde te dien.

My meerderes, ouers en onderwyseres te respekteer.

Die wat minderbevoorreg is as ek met empatie en respek te behandel en my te alle tye teenoor alle persone hoflik te gedra.

Netheid, getrouheid en eerlikheid na te streef.

My uiterste beste doen om met my talente te woeker.

My skool, die terrein en omgewing netjies en skoon te hou.

Te probeer om in alles wat hierbo genoem is, my skool se leuse,” Trou aan ons eie” uit te lewe.